

**Dinsdag 12 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5:1-13**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 5:7; HK Sondag 30, Antwoord 82**

### **Die nagmaal en kerklike tug**

'n Gelowige kan nie met innerlike vrede nagmaal vier as hy/sy in een of ander sonde volhard nie. Net so kan 'n gemeente ook nie met innerlike vrede nagmaal vier as daar lidmate is wat in sonde volhard nie. Dit word duidelik aan ons voorgehou in 1 Korintiërs 5.

Korinte was in die tyd van die apostel Paulus as 'n groot handelsentrum bekend. Dit was egter ook vir afgodediens en sedelike verwildering bekend. Ontug en owerspel het daar op so 'n groot skaal plaasgevind dat dit spreekwoordelik geword het. *Om Korinties te lewe*, het dan ook beteken om 'n uiters onsedelike lewe te lei.

In hierdie stad het Paulus die lewendmakende evangelie van Jesus Christus verkondig. Die gevolg was dat 'n gemeente van Christus daar tot stand gekom het. Ons kan verstaan dat dit vir die gemeentede aan die begin moeilik was om hulle aan hulle vroeëre sondige lewe te ontworstel. Gevolglik het tipiese Korintiese sondes in die gemeente kop uitgesteek. Paulus maak melding van ontug en owerspel in die gemeente, en selfs dat 'n man met sy stiefma saam-leef asof hulle man en vrou is. Daarom vermaan Paulus hulle om deur die toe-passing van die kerklike tug hierdie man uit hulle midde uit te sluit. Hy sê: “Verwyder die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees ...”

Soos op ander plekke in die Skrif, is suurdeeg hier die beeld van iets wat op die oog af onbeduidend en nietig is, maar tog 'n groot uitwerking het (vgl. vs 6). Christus gebruik dieselfde beeld om daarmee die uitbreiding van God se koninkryk aan te dui (Matt. 13:33). Paulus gebruik die beeld om die groei en deurwerking van die sonde te verduidelik.

Die belangrike saak wat die Here hier in sy Woord aan ons openbaar, is dit: Sonde wat nie gestuit word nie, werk soos suurdeeg; dit begin klein in 'n bepaalde aspek van ons lewe, en werk dan uiteindelik deur na ons hele lewe. Dit is iets wat die gelowiges in die kerk van Korinte goed moes besef. Hulle beskou die feit dat 'n man wat met sy stiefma as man en vrou saamleef as nie so erg nie, maar dit is 'n uiters ernstige saak, want sonde werk soos suurdeeg. As hulle niks daaraan doen nie, gaan ander hulle voorbeeld volg. Uiteindelik kan die hele gemeente daardeur besmet word. Daarom moet hulle met die kerklike tug teen die man optree. Paulus sê: “Verwyder die slegte mens onder julle uit” (vs 13).

Dié reël geld vandag nog. As daar iemand is wat ondanks vermanings hom nie van sy sonde wil bekeer nie, moet hy deur die kerklike tug van die nag-maal en uit die gemeente uitgesluit word, om te voorkom dat ander lidmate sy sonde begin navolg.